UNIVERSITY OF THE
**FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE
**VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA
**FREISTATA**

UFS
UV

# ARCHIVE FOR CONTEMPORARY AFFAIRS

## Contact Us


**Write to:**
Archive for Contemporary Affairs
University of the Free State
P.O. Box 2320
Bloemfontein 9300
South Africa

**Visit us:**
Archive for Contemporary Affairs
Stef Coetzee Building
Room 109
Academic Avenue South
University of the Free State
205 Nelson Mandela Drive
Park West
Bloemfontein

**Or telephone:**
+27(0)51 401 2418

**Or e-mail:** huibre@ufs.ac.za
ernene@ufs.ac.za

INVENTARIS VAN DIE

ESCHEL RHOODIEVERSAMELING

PV 283

Opgestel deur: Mej. H.C. Jones
2 April 1974

# INVENTARIS VAN DIE PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING VAN DR. E. RHOODIE

## INLEIDING

## 1 TOEGANKLIKHEID

Geen voorwaardes

## 2 CURRICULUM VITAE

Eschel Mostert Rhoodie is op 11 Julie 1933 in Caledon gebore. Hy het in 1950 aan die Jan van Riebeeck Hoër=skool, Kaapstad, gematrikuleer en drie jaar later die graad B.A. aan die Universiteit van Pretoria behaal. In 1959 het hy die graad M.A. en in 1964 sy D. Phil.-graad aan dieselfde universiteit verwerf.

Dr. Rhoodie se loopbaan het in 1950 begin toe hy 'n redaksielid van die tydskrfi Kommando geword het. Vanaf 1953 - 1955 was hy 'n lid van die redaksie van Die Vaderland[1]. Vanaf 1956 tot 1971 het hy in talle oorsese poste gedien, bv. as persattachè in Canberra (1957 - 1960), Washington (1960 - 1961) en Hoof van die Suid-Afrikaanse Inligtingsdiens in New York (1962 - 1965).[2]

Etlike publikasies uit dr. Rhoodie se pen het reeds die lig gesien, sommige hiervan is: Penal Systems of the Commonwealth; South West - The Last Frontier; The Third Africa; Het omstrede land; The Paper Cur=tain; Het Derde Afrika.

Hy was sedert 1971 besturende redakteur van die nuus=tydskrif, To the Point. Op 1 Oktober 1972 aanvaar hy die pos as Sekretaris van Inligting.[3]

1 Hoofstad. 30.8.1972.

2 The Daily News. 30.8.1972.

3 Hoofstad. 30.8.1972.

## 3 DIE DOKUMENTE EN HUL ORDENING

### 3.1 Die dokumente

Hierdie versameling is gedurende Junie 1968 deur dr. E. Rhoodie aan die U.O.V.S. geskenk.

### 3.2 Ordening

Die versameling bestaan slegs uit 'n publi=kasie. Sien bylaag A vir besonderhede.

## 4 OMVANG EN FISIESE TOESTAND

Die versameling is in 'n goeie toestand.

## BYLAAG A : PUBLIKASIES[1]

| VERWYSING | BESKRYWING | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| - | Rhoodie, E.: **The Third Africa**.<br>Cape Town: 1968. | 320.96 Rho |

[1] Hierdie publikasie is oorgeplaas na die UOVS/SASOL Biblioteek.